

**Mediaverklaring**  
**Aktuariële genootskap van Suid-Afrika**  
**30 Mei 2016**

**Waarom Ponzi- en piramideskemas gedoem is om te faal**

Met lewenskoste wat al hoe duurder raak plaas duisende platsak Suid-Afrikaners al hul hoop op 'vinnig-ryk-word-skemas' wat desperate verbruikers met beloftes van onrealistiese opbrengste op hul beleggings lok. Of dit nou 'n Ponzi-skema of 'n piramideskema is, daar kan wiskundig bewys word dat dié soort skemas op die ou end in duie sal stort en beleggers met leë hande sal laat.

Dié soort skemas is baie dieselfde met albei wat op bydraes van nuwe beleggers staatmaak om aan huidige beleggers die beloofde opbrengste te kan betaal. Dié opbrengste is gewoonlik geheel en al onrealisties en veel hoër as die opbrengste wat op wettige spaar- en beleggingsprodukte verdien kan word. Ofskoon beleggers in 'n piramideskema bewus is dat nuwe lede gewerf moet word om die invloed van fondse te verseker, word beleggers in 'n Ponzi-skema wysgemaak dat die skema legitieme beleggings doen, terwyl hul fondse in werklikheid gebruik word om die stigters te verryk eerder as vir enige wettige sakedoeleindes.

Die huidige woelinge rondom MMM, wat deur die Russiese stigter as 'n 'sosiale finansiële netwerk' beskryf word, het Mike McDougall, uitvoerende hoof van die Aktuariële Vereniging van Suid-Afrika, aangespoor om deur middel van 'n paar eenvoudige somme aan te toon waarom skemas soos dié gedoem is.

“Daar kan met absolute sekerheid gesê word dat dié skemas op die ou end sal vou en duisende mense in 'n finansiële verknorsing laat, terwyl net die stigters en enkele vroeë deelnemers aansienlike winste maak,” sê McDougall.

“Dit kan aan twee redes toegeskryf word. In die eerste plek, as 'n skema meer uitbetaal as wat hy inkry, sal sy geld opraak. In die tweede plek moet sulke skemas voortdurend nuwe lede bykry om betalings aan bestaande lede te kan volhou, en die werklikheid is dat nuwe beleggers uiteindelik gaan opdroog,” verduidelik hy.

“Die enigste onsekerheid is wanneer die skema gaan vou, en dit sal afhang van hoe vinnig die fonds groei en hoeveel hoër die verklaarde opbrengs is as die werklike beleggingsopbrengs op die fondse wat belê is.”

Ter illustrasie gebruik McDougall die eenvoudige voorbeeld van 'n skema wat met 100 lede begin wat elk R1 000 belê met 'n beloofde opbrengs van 30% per maand. Elke maand sluit 100 nuwe lede by die skema aan en elkeen belê dieselfde bedrag tot die skema in duie stort. Lede ontvang hul eerste betaling die maand nadat hulle belê het.

In die voorbeeld begin die skema met 100 lede en totale fondse van R100 000. In die tweede maand is daar 200 lede en die fonds staan op R170 000 nadat dividende van R30 000 aan die stigterslede uitbetaal is.

Tot in die sewende maand styg die totale dividendbetalings elke maand skerp namate al hoe meer lede bykom. In die sewende maand begin die skema met R70 000 en hy ontvang nog R100 000 van nuwe lede. Die totale dividendbetalings aan sy talle lede staan egter nou op R210 000, wat dit met skuld van R40 000 laat. In plaas van R300 kry elke belegger nou net R243 en die skema stort in duie.

Maand	Beleggers	Fondse beskikbaar aan die begin (R'000)	Nuwe geld (R'000)	Dividende (R'000)	Fondse beskikbaar aan die einde (R'000)
Aanvang	100	0	100	-	100
1	100	100	100	30	170
2	100	170	100	60	210
3	100	210	100	90	220
4	100	220	100	120	200
5	100	200	100	150	150
6	100	150	100	180	70
7	100	70	100	210	-40

“Met vinniger ledegroei of kleiner uitbetalings sal die skema langer aanhou, maar die uiteinde sal dieselfde wees,” merk McDougall op.

Aangesien piramideskemas nuwe lede nodig het om te oorleef, moet jy daarteen waak om jou nie te laat verblind deur stories van hoë opbrengste van mense wat reeds in die skema is nie.

“Teen die tyd dat jy by die skema aansluit, hou jy in werklikheid dalk net die skema staande om die vroeë aansluiters ten koste van jouself te bevoordeel. Jy en ander nuwe beleggers kry dalk nooit jul aanvanklike kapitaal terug nie, laat staan nog ’n opbrengs op jul belegging”, waarsku hy.

McDougall gebruik dieselfde voorbeeld as hierbo om die verskil in opbrengs tussen vroeë aansluiters en laat aansluiters in ’n piramideskema aan te toon.

As jy aan die begin by die skema met ’n belegging van R1 000 aangesluit het, sou jy teen die sewende maand wanneer die skema in duie stort ’n opbrengs van altesaam R2 043 verdien het, wat ’n ongelooflike 22% rente per maand is.

As jy egter eers in die sesde maand by die skema aangesluit het, sou jy slegs R243 op jou belegging verdien het, dus ’n verlies van 76%. As jy in die sewende maand aangesluit het terwyl die skema besig was om te vou, sou jy jou totale belegging verloor het.

Maand	Belegging	Totale opbrengs	Maandelikse IOK*	Jaarlikse IOK*
Aanvang	1 000	2 043	22%	1 031%
1	1 000	1 743	19%	716%
2	1 000	1 443	14%	382%
3	1 000	1 143	6%	95%
4	1 000	843	-8%	-65%
5	1 000	543	-33%	-99%
6	1 000	243	-76%	-100%
7	1 000	0	n/a	-100%

\*Interne opbrengskoers

“Beleggers wat vroeër by die skema aansluit, kan dus skouspelagtiger opbrengste verdien al verloor hulle al hul kapitaal, terwyl dié wat later aansluit gewis geld verloor. Dit is ’n klassieke geval van Piet beroof om Klaas te betaal. Die mense wat vroeg inklim is gewoonlik die stigters van die skema en hulle binnekring,” se hy.

### **Hoe om ’n piramideskema te identifiseer**

McDougall benadruk dat beleggers moet leer om die waarskuwingstekens te lees dat ’n maatskappy die onmoontlike belof. “Soos die gesegde lui, as dit te goed klink om waar te wees, dan is dit,” se hy.

Hy merk op dat veral die Internet daarvoor te blameer is dat ’n potensieel katastrofiese, ongereguleerde digitale piramideskema-mark toegelaat word om te floreer. Daarvan getuig die Bitcoin-gebaseerde MMM Global Republic of Bitcoin wat onlangs ineengestort het.

“In aanloklik bewoorde webwerwe word ’n gebrek aan beheer en regulering en die risiko dat jy alles kan verloor aangebied op ’n manier wat dit onbelangrik en selfs bevrydend laat klink – selfs al word jy gewaarsku om slegs ‘los’ geld te belê,” sê hy.

Hy voeg by dat sommige van hierdie ongereguleerde piramideskemas geen formele struktuur of sentrale beheer het nie en slegs staatmaak op die voortgesette donasies en beleggings van ’n groeiende gemeenskap van lojale ondersteuners.

Hy merk op dat die ineenstorting van twee ander berugte skemas die afgelope paar dekades – Masterbond en dié van die Amerikaner Bernie Madoff – tot ’n strenger regulerings- en beheeromgewing gelei het. “Maar selfs dít kan jou nie absoluut vrywaar teen bedrieglike skemas of hoë risiko-bedrywighede nie, veral nie waar dit by aanlynskemas kom nie,” sê hy.

Masterbond, ’n Ponzi-skema, het valslik daarop aanspraak gemaak dat dit ’n bank is met deposito’s wat deur die Suid-Afrikaanse Reserwebank gewaarborg word en beleggers met hoë opbrengste op eiendomsontwikkelings gelok. Bernie

Madoff, 'n vooraanstaande Amerikaanse sakeman wie se beleggingsfirma as 'n piramideskema ontbloot is, het voorgegee dat sy opbrengste dié van die markindeks en sy mededingers konsekwent uitpresteer het.

“Tydens die wittebroodtydperk het lede beter as markverwante opbrengste op hul beleggings ontvang. In werklikheid het Masterbond egter weinig van beleggers se geld belê, terwyl Madoff sy opbrengste kunsmatig opgestoot het. In albei gevalle het beleggers op die ou end alles verloor,” verduidelik hy.

Voordat jy jou swaarverdiende geld blindelings belê of 'n aanlyn-'skenking' doen in die hoop op hoër opbrengste, stel McDougall voor dat jy jouself die volgende vrae afvra:

- 1. Hoe word opbrengste gegeneer?** Wettige beleggingskemas is deursigtig. Jy moet die skema se onderliggende bates kan verstaan. Selfs al word afgeleide strukture gebruik behoort jy voldoende inligting te ontvang om jou te help om jou risiko's en potensiële opbrengste te verstaan.
- 2. Hoe aggressief word jy gedruk om aan te sluit?** Wettige beleggingskemas genereer hul opbrengste op bates wat belê is, terwyl bedrieglike skemas swaar steun op die fondse van nuwe lede om bestaande lede mee te betaal.
- 3. Hoe vergelyk die opbrengste met ander soortgelyke produkte?** Wees baie versigtig indien die opbrengs buitengewoon hoog is.
- 4. Hoe word die skema gereuleer en geoudit?** Reguleerders en ouditeure kan nie 'n bedrogvrye omgewing waarborg nie, maar die gebrek aan 'n stewige regulatoriese raamwerk beteken daar is niemand aan wie die skema verantwoording hoef te doen vir sy praktyke en opbrengste nie.

McDougall se raad is eenvoudig: as jy ongemaklik voel met enige van jou antwoorde op die bogenoemde vrae, moet liever nie by die skema betrokke raak nie.

“Dit is jóú swaarverdiende geld, werk dus versigtig daarmee. Doen behoorlike navorsing en moenie alles glo wat die skema se bemarkers of webwerf jou vertel nie.”

**Einde**

**Om onderhoude te reël, skakel asseblief met:**

Lucienne Fild

Onafhanklike Kommunikasiekonsultant

082 567 1533

[lucienne@fild.co](mailto:lucienne@fild.co)

**Uitgereik namens:**

Mike McDougall

Uitvoerende Hoof van die Aktuariële Genootskap van Suid-Afrika

*Die Aktuariële Genootskap van Suid-Afrika is die professionele organisasie vir aktuarisse en aktuariële studente in Suid-Afrika. Die visie van die Aktuariële Genootskap is 'n aktuariële profesie wat gegrond is op substansie en statuur wat 'n diens lewer aan, en deur ons gemeenskappe beskou word as 'n primêre bron van gesaghebbende advies en denkwyse-leierskap in die verstaan, verwerking en bestuur van finansiële en ander meetbare risiko's.*